SEAL BREEZE WYNTRAPAVONTUUR VIR VROUE TEN BATE VAN "JOURNEY OF HOPE" 18 TOT 21 MAART 2010

Joan Wiggins is bekende Vrouewynmaker van **SEAL BREEZE** wyne in Lutzville.. Die druiwe op haar plaas word organies verbou en op trandionele manier gepars en wyne word ook nog op tradisionele manier gemaak. Sy ontvang jaarliks goeie toekennings vir haar wyne in die Olifantsrivierstreek sowel as Suid Afrikaanse Jongwynskou. . Sy het op ouderdom 51 sonder formele opleiding begin wynmaak. Haar wingerde is geleë naby die kus – daarom die naam Seal Breeze. Joan maak slegs beperkte hoeveelheid wyn jaarliks en elke bottel word individueel genommer. Seal Breeze is veral bekend vir sy 3 Edelkultuvar Rooiwyne soos Merlot, Shiraz en Cabernet. Sy het egter die afgelope 2 jaar groot sukses behaal met Sauvignon Blanc, en verlede jaar haar eerste Blanc De Noir gemaak tydens die 1ste Wyntrapavontuur wat ook n Bronsmedalje by Suid Afrikaanse Jongwynskou verower het. Die opbrengs van die wyn is vir liefdadigheid – KARMA - geskenk. Sy is ook weer vanjaar bekroon as **Produsente Wynmaker van die Jaar vir Olifantsrivierstreek, en het ook n Kampioen Shiraz verower, en Goue Medalje by Suid Afrikaanse Jongwynskou vir dieselfde wyn.** Joan het besluit sy wil graag terugploeg in gemeenskap, en het in 2009 die eerste keer die projek aangepak saam met vroue regoor die land. Die opbrengs van die wyn wat gemaak word op die Avontuurnaweek in 2010, word geskenk aan **JOURNEY OF HOPE Breast Cancer Ride.**

UITNODIGING

Julle word uitgenooi om die naweek van 18 tot 21 Maart 2010 deel te wees van die tweede Wyntrapavontuur-naweek vir Vroue by Seal Breeze Wyne op Lutzville. Dit is 'n naweek vol avontuur en nuwe ervarings. Julle pluk self die druiwe, trap die druiwe en Joan maak dan die wyn. Die wyn sal gebottel en beskikbaar wees vir bemarking ten bate van Journey of Hope.

Gedurende die naweek gaan daar heelwat aktiwiteite wees soos:

- wynproe
- druiwe oes en trap
- verkenning van ons pragtige omgewing
- bootritte
- heerlike tradisionele kosse uit ons omgewing
- die genot om 'n vars kreef, in seewater gaargemaak, op die strand te geniet
- daar word nuwe vriende gemaak uit alle uithoeke van ons land. Daar is ook heelwat belangstelling van bekende persoonlikhede van Suid-Afrika. Die bekende Sangeres – **LIZE BEEKMAN** gaan ook die naweek saam met ons deel.
- "Moonlight Walk" in 'n pienk bra tussen die wingerde met 'n "Hot Spot" om elke draai!

KOSTES VAN DIE NAWEEK

Dit kos **slegs R1500.00 Per persoon** wat die volgende insluit:

* akkomodasie
* 3 etes per dag vanaf Donderdagaand tot Sondagoggend
* "Goodie Bag" met promosie-items
* Spesiale T-hemp
* Gelukkige Trekkings

WAT OM SAAM TE BRING

- Tent, matras en beddegoed, flitslig, eetgerei, glas, beker
- Handdoeke
- Toiletpapier + opvoustoel
- Ou klere vir druiwe pluk en wyntrap, sonhoed, stapskoene, Swemklere warm klere vir aande
- Toiletware, toiletpapier ensonbrandmiddel
- Eie drinkgoed: "ciders", wyne, water en peuselgoedjies (skyfies, soutkoekies ens)
- Kamera
- 'n Artikel vir die gelukkige trekking
- Pienk Bra vir Moonlight Walk (gaan agterna geskenk word vir vroue in die gemeenskap)
- Swart nommertjie met ietsie pienk vir Saterdagaand se funksie

NAWEEKPROGRAM

DONDERDAG: 18 MAART 2010

17:00	Dames begin arriveer te Strandfontein Kampeerterrein, slaan tente op en verkeer gesellig saam.
19:00	Joan doen die verwelkoming en bespreek program van die naweek Frieda van JOURNEY OF HOPE doen ook hul bekendstelling.
19:30	Ysbreker
	Daarna gaan daar gesellig verkeer en geëet word….. BRAAIVLEIS EN SLAAIE.

VRYDAG: 19 MAART 2010

06:00	Opstaan, koffie en beskuit. Elkeen bring 'n koelsak met koeldrank, water en peuselgoed vir die werkery in wingerd.
07:00	Dames arriveer by Seal Breeze Plaas om te gaan druiwe pluk op die plaas.
11:00	Geniet n "brunch" by Seal Breeze Plaas
12:00	Begin druiwe trap in spanne van 4.
14:00	Peuselhappies en koue wyne wat in coolbags saamgebring is, kan geniet word terwyl spanne trap en gesellig verkeer

16:00 Dames kry geleentheid om voete en bene te was en gesellig te verkeer. Joan doen ‘n Wynbekendstelling van haar Seal Breeze Wyne. JOURNEY OF HOPE vertoon ook hul DVD en vertel van hul projek.

20:00 Ete word aangebied te Seal Breeze Landgoed en daar word gesellig verkeer.
“Moonlight Walk” tussen die wingerde met Pienk bra, en inlywing by Seal Breeze Wyntrapklub.

SATERDAG: 20 MAART 2010

08:00 Vroue staan op en geniet Koffie en beskuit

09:00 Vroue vertrek op Avontuuruitstappie na Olifantsrivier waar met bote op rivier gery gaan word. Daarna sal n ligte “brunch” geniet sal word.

14:00 Vroue arriveer by riviermond waar daar kreef en seekos geniet sal word.

16:00 Terugtog na Strandfontein word aangepak. Die wat wil stap, kan dan al langs die kus ongeveer 5km stap. Die res word weer terugvervoer na Strandfontein.

19:00 Almal kom bymekaar vir die aand se verrigtinge wat gelukkige trekkings en veiling van ‘n paar artikels insluit
Optrede deur Liza Beekman

20:00 Spitbraai en gesellig verkeer.
.

SONDAG: 21 MAART 2010

08:00 Koffie en beskuit word bedien. Vorms oor terugvoer van die naweek word ingehandig.

09:00 Erediens om die naweek op gepaste wyse af te sluit.

10:00 Tee en ligte eetgoed word bedien voordat dames terugvertrek.

ADDISIONEEL:

Vir die dames wat wil, word daar middagete gereël by Muisbosskerm in Lambertsbaai – eie koste. Sien spasie daarvoor op inskrywingsvorm

BELANGRIK:

Ons kan slegs 100 dames akkommodeer. Indien u graag u plek wil reserveer, vul die aangehegte aansoekvorm in en betaal u R1 500.00

INSKRYFVORM VIR SEAL BREEZE WYNTRAPNAWEEK VIR VROUE

18 TOT 21 MAART 2010

NAAM:
VAN:
ID
TELNO:
SELNO:
FAKSNO:
EMAILADRES:
POSADRES:
WOONADRES:
OUDERDOM:
NAAM EN TEL NAASBESTAANDE:
DEEL JY TENT MET IEMAND:
NAME MET WIE DEEL: 1……. 2……. 3……. 4.
MEDIESE TOESTAND WAARVAN ONS MOET KENNIS DRA: ……..

ENIGE ALLERGIë: ……
VEGETARIESE
VOORKEURE:……
……

EK WIL DIE SONDAGMIDDAGETE BY MUISBOSSKERM GENIET (Addisionele koste)
……..

ENIGE KOSSE WAT JY NIE EET:
……

T-HEMP GROOTTE: (S,M,L.XL,XXL)…….

Sorg net dat u voete in goeie mediese toestand is –vry van enige swamme en fungusse.

Ek is bereid om, nadat die wyn gemaak is, 12 bottels wyn te bemark ter ondersteuning van die projek. Ja/Nee

Die ondergetekende verklaar hiermee dat sy deelneem aan die bogenoemde Wyntrap op eie risiko en vrywaar die organiseerders en eienaar van Seal Breeze Wyntrapprojek van enige skade aan my eiendom of beserings wat opgedoen kan word a.g.v ongeluk, nalatigheid of insident. Die ondergetekende onderneem om by die reëls van die organiseerders te hou. Handtekening hieronder bevestig dat ek die bogenoemde gelees het, verstaan en daartoe toestem.

GETEKEN DEUR……. OP HIERDIE…….

DAG VAN ……

……
HANDTEKENINNG

FAKS OF EMAIL DIE INSKRYFVORM TESAME MET BEWYS VAN INBETALING VAN R1 500.00 PER PERSOON

BANKBESONDERHEDE:
REKENINGNAAM: SEALBREEZE WYNTRAPKLUB
BANK: ABSA BANK
TAKKODE: 334406
REKNO: 4075222500

NAVRAE:

JOAN WIGGINS:
EIENAAR: SEAL BREEZE
SELNO: 084 505 1991
EMAIL ADRES: jwiggins@kingsley.co.za
TEL/FAX NO: 027 217 1458

MARIANA CAROSINI: SELNO: 083 234 5540
EMAIL ADRES: cas.theo@hotmail.com
TEL/FAX NO: 027 217 1202

ALGEMEEN:

Alle vroue moet ongeag hul ouderdom fiks wees om die basiese take te verrig soos uiteengesit in program.

Neem asseblief kennis dat foto's gedurende die naweek geneem gaan word en u moet toestem dat hierdie foto's op ons webtuiste of in die media gebruik kan word.

Sorg asseblief vir eie medikasie.

U is Welkom om 'n musiekinstrument (bv kitaar) saam te bring.